

## Doendinge vir Kerstyd

1. Maak die Kersgeskenke oop. Geniet die vreugde daarvan. En onthou dat die geskenke eintlik net 'n herinnering is aan die grooot geskenk wat God met Kersfees vir mense gegee het. En dat ons daardie geskenk ook moet oopmaak. Ons moet moeite doen om te verstaan wie die Jesus is wat vir ons gesterf het en vir Wie ons volg. Die volgende seisoene, Epifanie, Lydenstyd en Paastyd, sal ons daarmee help. Maar ons kan met die oopmaak van die geskenke al begin om te dink oor die geskenk wat Jesus vir ons is.

2. Sing saam kersliedere. Musiek en woorde is maklik bekombaar op die internet.

3. Moedig mekaar aan om in Kerstyd deur julle huis te loop en die artikels, meubels, speelgoed, boeke ens wat julle nie meer gebruik nie (en wat nog in 'n goeie en bruikbare toestand is) aan 'n nie-winsgewende organisasie te skenk. Jy sou dit ook aan die begin van die jaar na die gemeente kon bring.

4. Hou 'n Oorskiet-Masterchef-kompetisie. Meeste huise het baie oorskietkos na hulle Kersdag-ete. Die kompetisie kan net met jou huismense gedoen word, maar julle sou ook vriende en bure kon nooi om hulle oorskiet te bring en saam te speel. Verdeel in 'n paar groepe, besluit saam oor die reëls van die speletjie en die toegelate kosmaaktyd, pak die kos op die tafel uit en kyk watter kreatiewe disse kan uit oorskiet gemaak word.